# HOOFSTUK 1

## DIE ONDERSOEK

### 1.1 Inleiding

Direk na die ontstaan van ’n demokratiese Suid-Afrika in 1994 het die Departement Korrektiewe Dienste steeds gefokus op veilige bewaking van gevangenes. Die handves van Menseregte het egter verandering teweeg gebring ten opsigte van aanhoudingsmetodes. Menswaardige behandeling van gevangenes is as vereiste gestel.

Die nuut aanvaarde geïntegreerde regstelsel om misdaad te voorkom, het die fokus van die korrektiewe-stelsel verskuif na die vermindering van residivisme deur die ontwikkeling van rehabilitasieprogramme. Korrektiewe Dienste streef daarna om elke lid ’n rehabiliteerder te maak.

Oorbevolking van gevangenisse bly egter ’n bedreiging vir stabiliteit binne die krimenele-regstelsel. Korrektiewe Dienste bly aan die ontvang kant binne die regsplegingstelsel en daarom word daar voortdurend gesoek na maniere waarop die oorbevolkingsprobleem aangespreek kan word. Dit is dan ook een van die redes waarom hierdie ondersoek onderneem word.

Oorbevolking binne gevangenisse word hoofsaaklik veroorsaak deur gevangenes wat ’n straf uitdien vir ’n misdaad wat gepleeg is. Die studiegebied van Penologie hou hom juis besig met die straf vir misdaad. In die Penologie word veral aandag geskenk aan die verskillende strafteorieë en strafmotiewe wat daar met verloop van tyd ontstaan het en toegepas is (van der Walt, Cronjé en Smit, 1982 : 48).

Sedert die ontstaan van die gevangenis (meer as 200 jaar gelede) het baie veranderings plaasgevind ten opsigte van die tipe vonnisse wat opgelê word, die lengte van vonnisse en ook die manier waarop gevangenes aangehou word. Verandering vind deurlopend plaas en Solly Ozrovech som dit soos volg op: “Daar word dikwels beweer dat die enigste permanente ding in ons wêreld verandering is. Dit lyk asof dit werklik so is as ons na die snelle veranderings van die moderne tyd

kyk. Lewenstyle, metodes en standaarde van menslike gedrag verander met verstommende spoed en baie mense vind dit moeilik om by te bly."

Die samelewing stel norme en waardes waaraan elke individu binne 'n gemeenskap moet voldoen. Sosiale beheer word toegepas deur die samelewing deur gehoorsame gedrag te beloon en ongehoorsame gedrag te straf. Dit is hierdie straf vir ongehoorsame (misdadige) gedrag wat aanleiding gee tot oorbevolking in gevangenisse. Gevangenisstraf is en bly 'n "gewilde" vonnisopsie aangesien die oortreder uit die gemeenskap verwyder word. Platt en Takagi (1980 : 79) sê dat: "The prison as an institution is alive and well; it is not dying or even fading away." Hierdie "gesonde" toestand van ons gevangenisse veroorsaak dat te veel gevangenes daarin aangehou word en dit het weer 'n direkte invloed op die rehabilitasiemoontlikhede wat so nodig is om goeie herinskakeling in die gemeenskap te verseker.

Rehabilitasie moet nie as 'n abstrakte konsep beskou word nie, dit is 'n werklikheid wat bereik kan word indien alle rolspelers binne die regsplegingstelsel bereid is om hande te vat om rehabilitasie te laat slaag. Dit baat nie ons noem lede van Korrektiewe Dienste rehabiliteerders en gevangenisse, rehabilitasie sentrums, maar ons rehabiliteer nie.

Indien oorbevolking van gevangenisse in die pad van rehabilitasie staan, moet daar maniere gevind word om hierdie probleem op te los of ten minste te verlig. In hierdie ondersoek word oorbevolking vanuit verskillende oogpunte benader ten einde die oorsake bloot te lê en oplossings te vind wat positiewe rehabilitasie kan ondersteun.

## 1.2 **Keuse vir die ondersoek**

Korrektiewe Dienste se besluit om weg te beweeg van veilige bewaking van gevangenes na rehabilitasie as fokuspunt het die vraag laat ontstaan of Korrektiewe Dienste gerat is om hierdie klemverskuiwing te maak.

Daar is soveel struikelblokke wat in die pad van rehabilitasie staan en dit is die hoofrede om hierdie ondersoek te onderneem ten einde die struikelblokke te identifiseer en ook oplossings daarvoor te soek.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel kom dikwels in gedrang wanneer gru misdade begaan word en baie publisiteit daaraan verleen word. Dit laat nuwe vrae ontstaan ten opsigte van die regsplegingstelsel in sy geheel. Vir Korrektiewe Dienste bly oorbevolking van gevangenisse die grootste probleem wanneer menswaardige aanhouding, rehabilitasie en suksesvolle herinskakeling in die gemeenskap ter sprake kom.

Rehabilitasie van oortreders is tans 'n baie aktuele onderwerp en as strafoogmerk is dit baie belangrik om te soek na oplossings vir die probleme wat suksesvolle rehabilitasie in die wiele kan ry.

## 1.3 **Die navorser se belangstelling**

Die navorser is die afgelope 23 jaar direk betrokke by behandeling van oortreders binne inrigtingsverband. Wanneer oorbevolking uit verskeie oorde as die algemene sondebok uitgewys word vir die probleme binne Korrektiewe Dienste, dan moet daar waarheid in steek dat hierdie probleem ook die ondergang kan beteken van positiewe rehabilitasie, die nuwe fokuspunt van Korrektiewe Dienste.

Die navorser het besluit om hierdie probleem vanuit 'n penologiese perspektief te benader ten einde vas te stel waar hierdie groot invloei van oortreders vandaan kom en wat gedoen kan word om minder gevangenes in aanhouding te hê. Natuurlik moet reg en geregtigheid nie ingeboet word ten koste van aanhoudingsgetalle nie.

Aansoek is gedoen by Korrektiewe Dienste Hoofkantoor om navorsing te doen oor die uitwerking van oorbevolking op die rehabilitasie van oortreders. Nadat magtiging verkry is (sien bylaag 1 agter in hierdie ondersoek), kon daar begin word met die inwin van data ten einde die huidige situasie binne gevangenisse na te vors.

In die Nexus (Mei 2000 : 20) word Korrektiewe Dienste se "ou" en "nuwe" missie as volg omskryf;

- Ou missie : "to render a correctional service in order to contribute to the development, protection and stability of the nation."

- Nuwe missie : "to render a correctional service that contribute to community protection and rehabilitation of offenders and probationers through development programmes, security systems, state of the art technology and a competent workforce, while aiming to reduce re-offending."

Rehabilitasie en veilige bewaking van gevangenes is die twee pilare waarop Korrektiewe Dienste tans gebou is (Nexus, Volume II, 2003 : 15). Beide hierdie pilare kan maklik deur oorbevolking afgebreek word aangesien die aanhoudings-getalle in verhouding met die aantal lede werksaam by die onderskeie gevangenisse, dit bykans onmoontlik maak om mense veilig en menswaardig aan te hou. Daar is tans geen individuele aandag aan gevangenes nie en dit belemmer al die pogings wat aangewend word om bv. eenheidsbestuur te laat slaag.

Die navorser is van mening dat hierdie ondersoek nie net binne sy ervaringsveld val nie, maar dat sy belangstelling in hierdie onderwerp uiteindelik aanbevelings tot gevolg kan hê wat oorbevolking kan aanspreek en ook groter suksesse met rehabilitasie kan verseker.

## 1.4 Die doel van die ondersoek

Johann Mouton (2001 : 5) sê dat die doel van 'n ondersoek moet gesetel wees in die verkryging van nuwe feite en werkbare oplossings vir probleme. Dit moet beslis nie onderneem word slegs om 'n verdere kwalifikasie te verwerf nie.

Wanneer die doel van 'n ondersoek bekyk word, is dit belangrik om te let op die hipotese wat hierdie ondersoek gaan rig. 'n Ander baie belangrike doel van enige wetenskaplike ondersoek is om werkbare resultate te verkry wat die aanvanklike navorsingsprobleem kan help verlig.

### 1.4.1 Die formulering van 'n hipotese

Binne die navorsingsontwerp moet gekyk word na die stellings wat gemaak word rondom die onderwerp wat nagevors gaan word. 'n Hipotese is onbewese stellings wat gemaak word en slegs as korrek bewys kan word deur feite wat uit goeie navorsing verkry is.
Die hipotese wat hierdie ondersoek sal rig is; rehabilitasie van oortreders binne inrigtingsverband kan nie tot sy reg kom as gevolg van oorbevolking van gevangenisse nie. Die primêre doel van hierdie ondersoek is dan om vas te stel of daar waarheid steek in die hipotese wat getoets moet word. Die formulering van 'n hipotese moet slegs gedoen word indien dit noodsaaklik is. Die navorser is egter van mening dat die hipotese as 'n vertrekpunt moet dien, 'n grondslag waarop die ondersoek gebou kan word.

### 1.4.2 Moontlike resultate wat behaal kan word met die ondersoek

Tydens die formulering van die navorsingsprobleem is dit belangrik om te let op wat uit die navorsing van hierdie probleem verkry kan word. Dit sal tog geen doel dien om 'n probleem wetenskaplik na te vors en aan die einde van die ondersoek bv. te sê dat rehabilitasie wel nie tot sy reg kan kom as gevolg van oorbevolking nie. Nee, nog voor die navorsing begin, moet die probleem wat nagevors gaan word, moontlike resultate kan bied ten einde die probleem sinvol op te los of ten minste verligting te bied.
In hierdie ondersoek sal daar oplossings gevind moet word vir die aanhoudings-getalle in Suid-Afrikaanse gevangenisse wat onhanteerbaar hoog is. Alternatiewe vonnisse vir gevangenisstraf kan dalk een van die resultate uit hierdie ondersoek wees. Die betrokkenheid van die slagoffer en die gemeenskap binne die regsplegingstelsel en die invloed wat dit sal hê op misdaadvoorkoming, kan ook 'n resultaat uit die navorsing wees.
Die uitslag van hierdie ondersoek moet dus nie net die hipotese wat getoets is, korrek bewys nie, maar vir Korrektiewe Dienste is dit van kardinale belang dat aanbevelings

wat uit dié navorsing na vore kom, geïmplementeer word ten einde die navorsingsprobleem positief aan te spreek.

## 1.5 Die metode van ondersoek

In hierdie ondersoek is ’n hipotese geformuleer wat getoets gaan word. Die probleem van oorbevolking wat rehabilitasie negatief beïnvloed, moet aandag geniet. Daar sal van verklarende navorsing gebruik gemaak word aangesien hierdie tipe navorsing normaalweg met ’n probleem begin. Die grootste deel van hierdie ondersoek word egter gewy aan beskrywende navorsing waar die inwin van inligting baie belangrik is asook die wyse waarop hierdie inligting in verband gebring word met bestaande navorsing.

Die mens wil altyd meer wet oor die dinge waarmee hy elke dag te doen kry en daarom soek hy voortdurend na antwoorde vir die probleme waarmee geworstel word. Binder en Geis (1983 : 1) noem in die verband dat; “Human beings, in order to remain alive, are constandly required, to gather and sort facts, to form ideas and hunches, to reach conclusions and to act in terms of their estimates of consequences.”

### 1.5.1 Metodologie

In hierdie afdeling word gekyk na die metodes wat gebruik kan word om goeie navorsing te doen en ook om betroubare resultate te verkry. Geesteswetenskaplike navorsing is ’n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur ’n bepaalde verskynsel in die werklikheid op ’n objektiewe wyse bestudeer word ten einde ’n geldige begrip van die verskynsel daar te stel (Mouton, 1992 : 7).

Die data-insamelingsfase van enige ondersoek is baie belangrik. Hoe meer data ingesamel word en hoe meer insamelingstegnieke gebruik word, hoe groter is die geldigheid van die bevindinge wat daaruit afgelei word. Geldigheid van bevindinge is van kardinale belang aangesien onakkurate bevindinge en gevolgtrekkings aanleiding kan gee tot verdere probleme met die navorsing en ook die geloofwaardigheid daarvan.

Die kwaliteit van navorsingsbevindinge is direk afhanklik van die verantwoordbaarheid van die metodologie wat gevolg is. Daarom moet die navorser volledig verslag doen oor hoe hy die navorsing beplan, gesturktureer en uitgevoer het om te beantwoord aan die eise van wetenskaplikheid (Mouton en Marais, 1992 : 198).

Johann Mouton (Luyt, 1999 : 19) noem dat; “Exploratory studies are done according to three methods:

- An overview of existing applicable literature,
- Surveys under people who have practical experience about the phenomenon, and
- The analysis of insight-stimulating examples.

Die literatuurstudie word later in hierdie afdeling bespreek (par. 1.5.2.3, p10), maar dit is beslis so dat geen navorsing gedoen kan word voordat die geskrifte wat reeds oor die onderwerp bestaan, nie deeglik bestudeer is nie. Die tweede metode wat deur Mouton genoem word, is ook deeglik gebruik in hierdie ondersoek. Die kennis van mense wat praktiese ondervinding het ten opsigte van die verskynsel wat nagevors gaan word, is uiters belangrik aangesien dit verband hou met die inligting wat reeds beskikbaar is ten opsigte van die navorsingsonderwerp. Derdens is ’n analise gedoen van data wat versamel is tydens onderhoude, besoeke aan gevangenisse (waarneming) en die voltooiing van vraelyste. Al drie die metodes waarna Mouton verwys, is in hierdie ondersoek gebruik om sodoende “nuwe” aanbevelings te maak wat moontlike verligting van die navorsingsprobleem kan bied.

### 1.5.2 **Navorsingstegnieke**

Navorsingstegnieke word hoofsaaklik gebruik om gegewens sistematies in te win. ’n Verskeidenheid van bronne van gegewens bestaan in die geesteswetenskappe, nl. fisiese bronne, dokumentêre bronne, indirekte- en direkte waarneming. Wanneer daar gekyk word na bv. indirekte waarneming, kom aspekte soos vraelyste, onderhoude, skale en toetse na vore (Mouton en Marais, 1992 : 199).

In hierdie ondersoek het die navorser kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingstegnieke gebruik om gegewens in te win. Daar is ook van waarneming gebruik gemaak om oorbevolking en die invloed daarvan op rehabilitasie in die gevangenisopset te bestudeer. Laastens is ’n uitgebreide literatuurstudie onderneem om bestaande gegewens rakende die verskynsel wat nagevors gaan word, te bepaal.
Ongeveer 160 jaar gelede het Quetelet aangetoon dat die misdaadverskynsel op groepsvlak ontleed kan word. Dertig jaar daarna het Lombroso op sy beurt die misdaadverskynsel op ’n individuele vlak bestudeer (van der Westhuizen, 1982 : 2).
In hierdie ondersoek gaan die navorser ruimte laat vir beide die groeps- en individuele benadering van die navorsingsonderwerp. Die inwin van gegewens is baie belangrik, maar die bereiking van doelwitte moet die hoofdoel van enige wetenskaplike ondersoek wees.
Die verskillende navorsingstegnieke wat in hierdie ondersoek gebruik is, word kortliks bespreek.

### 1.5.2.1 **Kwalitatiewe navorsing**

Kwalitatiewe benaderings is benaderings waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie en die reikwydte meer grensloos is en op ’n meer filosoferende wyse te werk gegaan word (Mouton en Marais, 1992 : 159).
Van Rensburg, Landman en Bodenstein (1994 : 121) sê: “Kwalitatiewe navorsing is nie gebaseer op ’n stel vaste en rigiede prosedures nie, maar nietemin het die navorser ’n stel strategieë en taktieke nodig ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer.”
Kwalitatiewe navorsing kan ook gesien word as ’n eenpersoon-navorsingstegniek. Die probleemstelling, die insameling van gegewens, die verwerking van hierdie gegewens en die verslagskrywing, is gewoonlik die werk van een persoon. Daarom word die resultate wat behaal word met hierdie tipe navorsing nie altyd as ware resultate gesien nie aangesien daar geen waarborg is dat die resultate dieselfde sal wees indien ’n ander kwalitatiewe navorser dieselfde gedoen het nie.
Kwalitatiewe navorsingstegnieke sluit die volgende in;

- deelnemende waarneming,
- ongestruktureerde onderhoude, en
- persoonlike dokumente.

Die navorser het gebruik gemaak van deelnemende waarneming binne die gevangenisopset. Veral die lid/gevangene ratio is gebruik as vertrekpunt om die invloed van oorbevolking op eenheidsbestuur waar te neem. Die getal lede wat fisies aandiens is in 'n betrokke seksie, teenoor die aantal gevangenes wat daar aangehou word, het waardevolle inligting verskaf vir die bekamping van oorbevolking binne gevangenisse.

Verskeie onderhoude is ook gevoer met mense wat die misdaadverskynsel en die regsplegingstelsel goed ken. Die inligting wat op dié manier versamel is, is van onskatbare waarde vir die navorser aangesien dit hom in staat stel om voorstelle/aanbevelings te maak wat die probleme met oorbevolking kan aanspreek.

By die onderhoudvoering was die bydrae van die ondervraer tot die minimum beperk. Daar is van die respondente verwag om so vrylik moontlik te praat oor die tema wat aan hulle gestel is. Tydens hierdie ongestruktureerde onderhoude is die respondente vooraf ingelig oor die wyse waarop die onderhoude gevoer gaan word, die vertroulikheid daarvan, die onderwerp/tema ter sprake en die agtergrond van die navorser.

Van der Walt, Cronjé en Smit (1982 : 217) sê dat: "Ongestruktureerde onderhoude verskaf grotendeels kwalitatiewe data wat nie deur ander tegnieke verkry kan word nie."

#### 1.5.2.2 **Kwantitatiewe navorsing**

Mouton en Marais (1992 : 159) beskryf kwantitatiewe navorsing as: "daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd, sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n reikwydte wat meer presies afgebaken is en relatief na aan die natuurwetenskappe se benaderings geleë is."

In teenstelling met die kwalitatiewe navorser wat dikwels deel van die verskynsel is wat nagevors word (bv. by deelnemende waarneming), is die kwantitatiewe navorser

meer op ’n afstand en kyk hy as’t ware van buite af na die verskynsel wat nagevors word.

In hierdie ondersoek word daar gebruik gemaak van ’n vraelys wat opgestel is om oorbevolking in gevangenisse en die gevolge daarvan onder gevangenes te toets. Die vraelys word as bylaag 2 agter in hierdie ondersoek geplaas.

Die volgende vereistes vir die opstel van ’n vraelys is nagekom;

- die vrae is eenvoudig en maklik verstaanbaar gemaak,
- die vrae is so gerangskik dat dit nie ’n spesifieke volgorde vorm nie,
- die vrae is almal geformuleer rondom die verskynsel wat nagevors word, en
- die vrae kan almal beantwoord word deur gebruik te maak van ’n beperkte aantal alternatiewe reaksies.

Respondente is gevra om eerlik te wees en die vraelys te voltooi ooreenkomstig elkeen se persoonlike gevoel ten opsigte van elke vraag/stelling. Die navorser het hulle weer eens verseker van die vertroulikheid van die antwoorde wat gegee word en verseker dat dit tot voordeel van die regsplegingstelsel in Suid-Afrika aangewend sal word.

#### 1.5.2.3 **Literatuurstudie**

Geen navorsing kan gedoen word alvorens die navorser nie eers gaan kyk het wat reeds geskryf is oor die spesifieke onderwerp nie. Dit moet die eerste fase van enige empiriese studie wees. Smit (Luyt, 1999 : 16) sê dat; “the study of literature is a fundamental and integral part of the planning and execution of any research project. A thorough study of the literature brings the researcher in touch with theories, definitions and philosophic arguments within the chosen topic of research.”

Van der Walt, et al (1982 : 229) sê dat enige staduim van die navorsing, die studie van geskrewe gegewens baie belangrik is. Die volgende tipe dokumentasie is geraadpleeg tydens die literatuurstudie;

- verslae,
- tydskrifartikels,
- boeke,
- ongepubliseerde bronne,
- koerante,
- vaktydskrifte, en
- rekenaarsoektogte.

Johann Mouton (2001 : 91) waarsku teen internetsoektogte wat as enigste literatuur gebruik word tydens navorsing. ’n Rekenaarsoektog sal baie inligting bekend maak, maar die meeste wetenskaplike inligting is steeds in boeke gepubliseer en bied waardevolle inligting.

Binder en Gies (1983 : 53) noem dat ’n literatuursoektog op die internet goed gebruik kan word in gevalle waar lyste van publikasies verkry en die boeke dan fisies geraadpleeg word ten einde inligting te verkry oor wat reeds beskikbaar is ten opsigte van ’n spesifieke onderwerp.

In hierdie ondersoek het die navorser reeds so ’n lys van publikasies (vanaf die internet) bekom en ’n groot hoeveelheid inligting wat direk op die onderwerp van toepassing is, is op die manier versamel.

## 1.6 **Probleme met die ondersoek**

Dit is baie belangrik dat die navorser ten alle tye objektief moet bly en nie subjektiewe of eensydige afleidings maak nie. Die navorser moet dus waak teen hierdie probleem aangesien hy al die inligting wat nodig is vir hierdie ondersoek, self versamel het. Die navorser het ook binne sy ervaringsveld gewerk en dit maak dit makliker om af te wyk van feite wat uit die navorsing na vore kom.

Nog ’n probleem wat ondervind is, is die feit dat daar reeds soveel navorsing gedoen is oor oorbevolking in gevangenisse en soveel projekte al geïmplementeer is, maar dat dit tydens hierdie ondersoek aan die lig gekom het dat hierdie projekte nie meer toegepas word nie. Die nie-nakoming van goedgekeurde beleid binne die regsplegingstelsel het die navorsing ten opsigte van hierdie ondersoek bemoeilik.

Laastens het die tydsverloop (2 jaar en ses maande) waarin gegewens ingewin is, veroorsaak dat hierdie gegewens voortdurend aangepas moes word aangesien die beleid verander het. Veral binne Korrektiewe Dienste is die goedkeuring van Wet (111 van 1998), die nuwe Korrektiewe Dienste regulasies en die gepaardgaande beleidsverandering rondom die Korrektiewe Toesig- en Paroolrade (vrylatingsbeleid) ingrypend verander en moes die navorser daarby aanpas (homself op hoogte bring) ten einde die nuutste beleid in sy ondersoek te weerspieël.

## 1.7 **Begrensing van die ondersoek**

Wanneer daar van begrensing van ’n ondersoek gepraat word, is tyd en ruimte ter sprake (De Smidt, 1998 : 12). In hierdie ondersoek is navorsing gedoen oor oorbevolking in gevangenisse en daar is ook gekyk na die invloed wat oorbevolking op die rehabilitasie van oortreders het. Dit is ’n komplekse ondersoek en daarom is hierdie navorsing nie net tot Suid-Afrika beperk nie. Die probleem is vanaf die ontstaan van die gevangenis nagevors en van toepassing gemaak op die huidige situasie in Suid-Afrika. Oorbevolking binne gevangenisse in ander lande is ook ondersoek en vergelyk met die plaaslike omstandighede.

### 1.7.1 **Universele afbakening**

Van der Westhuizen (Luyt, 1999 : 12) sê dat: “The demarcation of the universe refers to the total group that the researcher intends to investigate.” In hierdie ondersoek is daar gekyk na die wêreldwye verskynsel van oorbevolking in gevangenisse, maar spesifieke klem word gelê op die Suid-Afrikaanse omstandighede en daarom is die ruimtelike afbakening verklein na die regsplegingstelsel in Suid-Afrika. Binne hierdie regsplegingstelsel word daar dan spesifiek gefokus op die oplegging van gevangenisstraf en die invloed wat dit het op die aanhoudingsgetalle binne Suid-Afrikaanse gevangenisse. Daar word ook gekyk na alternatiewe vonnisopsies om minder oortreders gevangenis-toe te stuur. Die wêreldruimte in hierdie studie is nie beperk tot slegs gevonniste gevangenes nie, maar sluit enige persoon of groep persone in wat vir ’n tydperk in aanhouding binne ’n gevangenis is.

### 1.7.2 **Afbakening van die domein**

Met die afbakening van die domein word bedoel; binne watter gebied die navorsing gedoen gaan word. Wanneer ons praat van gevangenisstraf en oorvol gevangenisse is die eerste plek wat logies klink om die navorsing te doen, Korrektiewe Dienste. Alhoewel Korrektiewe Dienste die fokuspunt van die navorsingsprobleem is, sal die navorsing veel weier gedoen moet word as slegs Korrektiewe Dienste. Die misdaad verskynsel is baie kompleks en daarom sal alle rolspelers binne die regsplegingstelsel geïnkorporeer moet word in die navorsingsproses. Een groep mense wat tot dusver buite die domein van die misdaadverskynsel was, is die gemeenskap en spesifiek die slagoffers van misdaad. Hierdie groep mense is in hierdie ondersoek deel gemaak van die navorsingsproses aangesien hulle net so veel geregtig is op insette as al die organisasies binne die regsplegingstelsel. Veral wanneer daar gesoek word na alternatiewe vir gevangenisstraf en gemeenskapgebaseerde vonnisse kom ter sprake, moet die gemeenskap insette kan lewer aangesien een van die oogmerke van straf juis gemeenskapbeskerming is.

### 1.7.3 **Tydsbegrensing**

Gedurende September 2000 is aansoek gedoen by Korrektiewe Dienste Hoofkantoor om navorsing te doen binne Suid-Afrikaanse gevangenisse. Goedkeuring is gedurende Mei 2001 verkry en daar is onmiddellik begin met die inwin van gegewens. ’n Literatuurstudie is gedoen in verband met die verskynsel wat nagevors gaan word. Verskeie onderhoude is gevoer en ’n vraelys is opgestel en voltooi by verskeie gevangenisse in die Wes-Kaap Provinsie. ’n Navorsingsbesoek is gedurende 2001 in Namibië onderneem om vas te stel of oorbevolking in naburige lande ook ’n probleem skep. Alle gegewens wat ingewin is, is verwerk en deel gemaak van die navorsingsverslag wat sedert Julie 2004 geskryf is. Sedert daar begin is met die skryf van die navorsingsverslag, is enkele byvoegings/veranderings gemaak om deurgaans te verseker dat daar met die nuutste inligting gewerk word.

## 1.8 Begripsomskrywings

In die titel van hierdie ondersoek is daar begrippe wat duidelik omskryf moet word sodat dit binne die konteks waarin dit gebruik is, verstaan kan word.
Hierdie begrippe moet ook binne ’n penologiese perspektief verstaan word aangesien die strafverskynsel regdeur hierdie ondersoek ter sprake is.

### 1.8.1 Titel klarigheid

In die titel, “Die uitwerking van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse op die rehabilitasie van oortreders” is daar vier begrippe wat omskryf moet word;

- **Oorbevolking** behels die aantal gevangenes in aanhouding binne ’n gevangenis teenoor die goedgekeurde aantal gevangenes wat aangehou kan word volgens voorskrif.

- **Gevangenis** beteken enige plek wat ingestel is kragtens Wet 111 van 1998, as plek vir die ontvangs, aanhouding, opsluiting, opleiding of behandeling van persone onderhewig aan aanhouding onder bewaking of aan aanhouding binne of plasing onder beskermde bewaking, en alle grond, buitegeboue en persele aangrensend aan enige sodanige plek en gebruik met betrekking daartoe en alle grond, vertakkings, buitestasies, kampe, geboue, persele en plekke waarheen enige sodanige persone gestuur is vir die doel van gevangenisstraf, aanhouding, beskerming, arbeid, behandeling of andersins, en alle kwartiere van korrektiewe beamptes wat gebruik word in verband met enige sodanige gevangenis, en vir die doeleindes van artikels 115 en 117 van Wet 111 van 1998 sluit dit elke plek in wat gebruik word as ’n polisiesel of opsluitplek.

- **Rehabilitasie** beteken die opheffing van die mens. Om 'n beter mens van jou te maak. In die Korrektiewe Dienste konteks beteken dit om 'n beter mens aan die gemeenskap terug te gee as wat daaruit ontvang is.

- **Oortreder** is 'n persoon wat die wet oortree het, skuldig bevind en gevonnis is. 'n Oortreder kan sy straf in die gevangenis uitdien (gevangenisstraf) of hy kan dit in die gemeenskap (bv. korrektiewe toesig) uitdien.

### 1.8.2 Konseptuele klarigheid

Bo en behalwe die begripsomskrywings uit die titel van hierdie ondersoek, is daar ook sekere konsepte wat deurgaans gebruik word. Van hierdie konsepte is duidelik en selfverklarend, maar ander moet omskryf word om die spesifieke bedoeling met die konsep te begryp. Hierdie konsepte kan as volg omskryf word:

- ***Dissipline*** behels die ordelikheid waarmee take uitgevoer word binne enige organisasie. Dissipline kan ook 'n stel reëls beteken waaraan voldoen moet word. By die nie-uitvoering van hierdie reëls kan straf as sanksie gebruik word,

- ***Gemeenskap*** of samelewing is die omgewing waarin 'n individu of 'n groep individue hulle bevind,

- ***Gemeenskapskorreksies*** of korrektiewe toesig is 'n vonnisopsie wat gebruik word waar oortreders hul vonnisse buite die gevangenis uitdien. Aspekte soos huisarres, gemeenskapsdiens en deurloping van rehabilitasieprogramme vorm deel van hierdie vonnisopsie,

- ***Herinskakeling*** beteken in 'n korrektiewe konteks die terugkeer na die gemeenskap. Hierdie is 'n baie belangrike aspek van rehabilitasie aangesien negatiewe inskakeling in die gemeenskap kan lei tot die verval in verdere

misdaadpleging. Herinskakeling in die gemeenskap kan ook gesien word as een van die maatstawwe waaraan rehabilitasie gemeet word,

- ***Residivisme*** is 'n neiging om in misdaad terug te val. Residivisme kan ook beskryf word as gevalle waar 'n persoon wat na pogings tot rehabilitasie, weer misdaad pleeg,

- ***Privaatgevangenisse*** beteken dieselfde as die omskrywing van 'n gevangenis in paragraaf 1.8.1 (p14) van hierdie ondersoek. Die enigste verskil is dat die privaatgevangenis aan 'n privaat instansie behoort en hierdie instansie ook die gevangenis bestuur. Die staat voorsien slegs gevangenes aan hierdie gevangenisse en betaal vir die aanhouding. Na 25 jaar word hierdie gevangenisse die eiendom van die staat en moet hy (die staat) hierdie gevangenis verder bestuur en instand hou,

- ***Eenheidsbestuur*** is 'n vorm van gevangenisbestuur waar die besluitnemingsproses gedesentraliseer word. Die gevangenis word in eenhede verdeel en elke eenheid het 'n bestuurder wat self besluite neem binne sy eenheid. Die argument is dat gedesentraliseerde besluitneming aanleiding gee tot beter administrasie binne die gevangenis, en

- ***Herstellende geregtigheid*** is 'n nuwe konsep binne Korrektiewe Dienste. Herstellende geregtigheid is daarop gemik om die slagoffers van misdaad en die breër gemeenskap betrokke te maak by die regspleginstelsel. Daar word ook gepoog om die oortreder en slagoffer bymekaar te bring ten einde berou en vergifnis te bewerkstellig. Deur herstellende geregtigheid moet die oortreder verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en vergoeding bied aan die slagoffer. Die slagoffer kan op sy beurt die oortreder vergewe en sodoende herinskakeling in die gemeenskap bevorder.

## 1.9 Indeling van hoofstukke

Hierdie ondersoek is in vier afdelings verdeel naamlik die navorsingsproses (hoofstuk 1), oorbevolking van gevangenisse (hoofstukke 2 tot 7), rehabilitasie (hoofstukke 8 tot 10) en die slot (hoofstukke 11 en 12).

***Hoofstuk 2*** handel oor aspekte wat aanleiding gee tot oorbevolking in gevangenisse asook statistiek om die omvang van die probleem te illustreer. Die ontstaan van die gevangenis en die gebruikmaking van gevangenisstraf as vonnisopsie word in diepte bespreek. Die oogmerke van straf geniet ook aandag aangesien dit nie net op straf as vergelding gebaseer is nie, maar ook misdaadvoorkomend moet wees. Oorbevolking in ander lande word ook bespreek en dan vergelyk met die situasie in Suid-Afrika. Die verskillende tipes gevangenisstraf word ook breedvoerig bespreek waarna die hoofstuk afgesluit word met die finansiële implikasies van oorvol gevangenisse.

***Hoofstuk 3*** kyk na onafhanklike partye se bydra tot die bekamping van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Drie onafhanklike partye word bespreek, naamlik; die Inspekterende Regter van Gevangenisse, Besigheid teen Misdaad en Statistiek Suid-Afrika. Eersgenoemde party maak gebruik van onafhanklike gevangenisbesoekers en inspeksies/besoeke aan gevangenisse deur gevangenis-inspekteurs werksaam by die Regterlike Inspektoraat. Alle inligting wat ingewin word tydens hierdie besoeke/inspeksies word verwerk en verslag word gedoen aan die Minister van Korrektiewe Dienste. Besigheid teen Misdaad is veral betrokke by die oorbevolkingsprobleem by ongevonniste gevangenes. Verskeie projekte word bedryf om ongevonniste gevangenes gouer deur die hofprosedure te kry en sodoende oorbevolking te bekamp. Statistiek Suid-Afrika is indirek betrokke by die bekamping van oorbevolking in gevangenisse aangesien statistiek gebruik word om vooruitbeplanning te doen. In hierdie ondersoek is die sensusstatistiek van 1996 en 2001 gebruik om afleidings te maak ten opsigte van oorbevolking en rehabilitasie van oortreders.

***Hoofstuk 4*** handel oor faktore buite Korrektiewe Dienste wat misdaadpleging in die gemeenskap kan veroorsaak en dus aanleiding kan gee tot oorvol gevangenisse. Dit is uiters belangrik dat misdaadvoorkoming in die gemeenskap sal plaasvind. Faktore soos armoede, werkloosheid, bendebedrywighede, dwelmmisbruik en rasseverhoudings word in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie faktore is in baie gevalle verantwoordelik vir misdaadpleging.

In ***hoofstuk 5*** word gesondheidstoestande binne gevangenisse onder die loep geneem. Oorbevolking het beslis ’n uitwerking op die gehalte sorg wat aan gevangenes gebied word. Gevangenes het regte en een van hierdie regte is goeie mediese behandeling. Oorbevolking is die oorsaak van ’n ongunstige mediese lid/gevangeneverhouding wat veroorsaak dat daar nie genoeg aandag aan behoorlike gesondheidsorg gegee word nie. Oorbevolking veroorsaak ook beperkte ruimte in selle en dit kan aanleiding gee tot die vinnige verspreiding van siektes. MIV/Vigs word ook in hierdie hoofstuk bespreek en hierdie pandemie kan vererger word deur oorvol gevangenisse waar beheer en kontrole nie na wense is nie as gevolg van die hoë persentasie-besetting van gevangenisse. Daar word ook gekyk na statistiek ten opsigte van natuurlike sterftes in gevangenisse wat drasties toegeneem het. Die hoofstuk word afgesluit met ’n bespreking oor die Rookwet en hoe dit Korrektiewe Dienste raak.

***Hoofstuk 6*** handel oor eenheidsbestuur. Daar word gekyk na wat eenheidsbestuur is, waar dit vandaan kom en hoe doeltreffend dit toegepas kan word, veral in die ouer gevangenisse wat nie vir eenheidsbestuur ontwerp is nie. Die voor- en nadele van hierdie konsep word bespreek en die hoofstuk word afgesluit met ’n bespreking oor die uitwerking van eenheidsbestuur op die bekamping van oorbevolking in gevangenisse.

In ***hoofstuk 7*** word Korrektiewe dissipline hanteer. Personeel- sowel as gevangenesdissipline is nodig om ’n omgewing te skep waarbinne respek en vertroue gebou kan word alvorens rehabilitasie kan begin. Die wedersydse invloed van goeie dissipline onder lede en gevangenes is baie belangrik, maar oorbevolking veroorsaak

’n lid/gevangeneverhouding wat dit uiters moeilik maak om gedragsverandering te bewerkstellig onder gevangenes. Beheer en kontrole verswak binne oorvol gevangenisse en daardeur verlaag die standaard van dissipline ook. ’n Aspek wat kommerwekkend is en sterk na vore kom in hierdie hoofstuk is die feit dat effektiewe rehabilitasie van oortreders nie kan plaasvind in ’n omgewing waar swak dissipline heers nie.

***Hoofstuk 8*** word gewy aan rehabilitasie van oortreders. As een van die oogmerke van straf is dit uiters noodsaaklik dat Korrektiewe Dienste slaag in sy doelwit om elke lid ’n rehabiliteerder te maak. Die ontwikkeling van die mens is baie belangrik aangesien norme en waardes vroeg reeds aangeleer moet word ten einde tussen reg en verkeerd te kan onderskei. ’n Aspek wat duidelik na vore kom in hierdie hoofstuk is dat oorbevolking van gevangenisse een van die grootste struikelblokke in die pad van effektiewe rehabilitasie is. Nog ’n aspek wat dringende aandag moet geniet is die opleiding en her-opleiding van personeel binne Korrektiewe Dienste. ’n Goeie mensekennis tesame met bepaalde vaardighede is nodig om die dissipline (bewakings) personeel binne Korrektiewe Dienste te verander in rehabiliteerders. Hierdie hoofstuk word afgesluit met ’n bespreking oor die rol van die gemeenskap ten opsigte van die rehabilitasie van oortreders.

***Hoofstuk 9*** kyk na gemeenskapskorreksies en daar word hoofsaaklik gefokus op gemeenskapgebaseerde vonnisse as alternatief vir gevangenisstraf om sodoende oorbevolking te bekamp. Gemeenskapsdiens as deel van korrektiewe toesig word bespreek sowel as elektroniese monitering om goeie beheer en kontrole uit te oefen oor korrektiewe toesiggevalle. Die tweede gedeelte van gemeenskapskorreksies is parooltoesig. Die aantal gevangenes wat op parool vrygelaat word, het ’n direkte invloed op die aanhoudingstotale in gevangenisse. Die vrylatingsbeleid en die invloed daarvan word in diepte bespreek aangesien die nuwe vrylatingsbeleid langer aanhoudingstydperke veroorsaak en dus die bekamping van oorbevolking negatief beïnvloed. Hierdie hoofstuk word afgesluit met ’n kort bespreking oor halfweghuise en die invloed wat dit het op effektiewe herinskakeling in die gemeenskap na vrylating uit die gevangenis.

***Hoofstuk 10*** word gewy aan die erkenning wat gegee word aan slagoffers van misdaad. By misdaadpleging kry die oortreder gewoonlik al die aandag en slagoffers ly net soveel, maar dit word op die agtergrond geskuif. In hierdie hoofstuk word gekyk na wat herstellende geregtigheid is, hoe dit werk, wie die rolspelers is en dit word ook in verband gebring met oorbevolking in gevangenisse sowel as rehabilitasie van oortreders. Seker die belangrikste aspek in hierdie hoofstuk is die feit dat pogings aangewend word om die oortreder en die slagoffer by mekaar te bring ten einde beide kante van misdaadpleging te bespreek en sodoende meer te leer van die ervarings van die oortreder en die slagoffer.

***Hoofstuk 11*** handel oor hoe gevangenes hul straf binne die gevangenis beleef. Daar word nie baie geskryf oor hiedie onderwerp nie, maar gevangenes behoort die kans te kry om te sê hoe hulle voel oor gevangenisstraf, oorbevolking en rehabilitasie aangesien dit aspekte is wat hulle direk raak. Vir dié doel het die navorser as deel van sy kwantitatiewe navorsing ’n vraelys ontwerp wat deur gevangenes voltooi is. Die verwerking van die gegewens wat op hierdie manier versamel is, word in hoofstuk 11 gedoen tesame met enkele voorstelle ter verbetering van die probleemarea’s wat identifiseer is.

***Hoofstuk 12*** is die laaste hoofstuk in hierdie ondersoek en gevolglik word dit gewy aan bevindinge wat afgelei is uit die navorsing wat gedoen is tesame met die bespreking daarvan. Ten slotte word verskeie aanbevelings gelys wat oorweeg kan word om oorbevolking in gevangenisse te bekamp sowel as om effektiewe rehabilitasie van oortreders te bevorder.